

Maandag 7 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 18:9-14

Fokusgedeelte: Lukas 18:13-14

God is genadig – bid, berou en bekeer!

In die gelykenis vertel Jesus dat daar twee mense is wat tot die Here gebid het. Die een is 'n Fariseër – 'n godsdienstige. Die Fariseër roem daarin dat hy vroom lewe. Hy is nie 'n bedrieër, dief of egbreker nie. Hy vas twee keer 'n week – meer as wat van hom verwag word. Hy gee 'n tiende van sy inkomste aan die Here. Die ander man is 'n tollenaar. Tollenaars was bekend daarvoor om diewe en bedrieërs te wees.

Albei mans bid tot die Here, maar daar is een groot verskil: hulle houding. Die godsdienstige Fariseër het staatgemaak op sy eie vroomheid. Hy het nie besef dat hy 'n sondaar is en dat hy 'n verlosser nodig het nie. Hy het regverdiging in homself gesoek. In sy gebed het hy God genader om in homself te roem.

Die sondige tollenaar het “bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig’” (18:13). As gevolg van sy sonde kon hy nie eers na die hemele opkyk nie. Hy het besef dat daar geen vroomheid in hom gevind kan word nie, want hy is 'n sondaar. Hy kan nie regverdiging by homself vind nie, maar slegs by die genadige Here. Die tollenaar het God in nederigheid en met berou genader.

Christus is die volmaakte offer aan die kruis. Ons kan nie in onself roem nie. Die Gees lei ons om berou oor ons sonde te hê, om te bid en om tot bekering te kom. Ons kan met vrymoedigheid die genadetroon van God nader, want Jesus Christus het ons met Hom versoen. Daarom is gebed deel van ons dankbaarheidslewe vir die genade wat God aan ons bewys het.

Sing: Psalm 143-1:1, 5, 8

Ds. R Steyn (Ruan) (Oshakati)